

Hein Viljoen

'n Potjie representasie, sterk gekruie: representeem en diskontinuiteit in die literatuurgeskiedskrywing

Die artikels in hierdie temanommer van *Literator* mag op die oog af na 'n vreemde dis lyk: 'n potjie met representasie en realisme as hoofbestanddele, in 'n lang sousie van foecall(t), gegeur met shakespeare, casscience, helditbrand, lion cachet, mattee, kaffruid, joyce, orswell en met 'n tikkie paradigma daarby. Eksotiese kruie, voorwaar.

As die smake enigins saamsmelt, is dit in die pikante vraag of daar wel 'n sentrale beginsel of struktuur gevind kan word vir representasie self en vir representasie in verskillende literêre tydperke. In die taal van die projek: wat is die aard van 'n *representeem* en wat is die teoretiese probleme van die poging om so iets te konstrueer? Daarnaas kom 'n hele klomp ander skerp teoretiese probleme aan die orde: hoe en waarom 'n mens periodiseer, hoe waar wetenskaplike en literêre kennis is, watter metode 'n mens behoort te gebruik om die literatuur mee te bestudeer en sy geskiedenis te skryf, wat realisme en ideologie beteken en watter rol abstrakte beginsels soos eenheid of diskontinuiteit in die (literatuur-) geskiedskrywing speel. Vrae om die potjie meer by te gee.

Die artikels het 'n tweeledige oorsprong. Gouws en Scholz s'n is spesiaal gewerk vir 'n Renaissance-nommer oor Foucault se episteme van ooreenkomste en is toe gevoeg by 'n klompie ander wat ontstaan het uit 'n navorsingsprojek met die titel *Metodologiese implikasies van enkele representasieopvattinge vir die literatuurstudie* wat deur 'n navorsingsgroep (bestaande uit die ander skrywers plus J.J. Venter) aan die PU vir CHO onderneem is vir die RGN se Program vir Navorsingsmetodologie (tans die Sentrum vir Navorsingsmetodologie).

Omdat daar uiteindelik te min gekeurde artikels vir 'n volledige Renaissance-nummer was, het die redaksie besluit om hierdie artikels saam in 'n Renaissance-en-representasie-potjie te pak.

Hierdie twee smake komplementeer mekaar goed, omdat Foucault se boek *The order of things* en sy idee van 'n *epistēm*, naamlik 'n basiese sleutel of kode wat kennis en kennisvorming in 'n bepaalde historiese tydperk beheers, een van die dominante idees van die projek was. Foucault se idee dat die Renaissance beheers word deur die epistēm van ooreenkoms (*resemblance*) word ontleed in die artikels deur Gouws en Scholz. Bowendien roep hierdie twee artikels 'n klompie baie pertinente vra op oor die projek. Dit, natuurlik, afgesien van die probleme rondom representasie self.

Die sentrale fokus van die projek was om die smaak of geur van 'n tydperk, die wyse of sisteem van representasie kenmerkend van 'n bepaalde tydperk, te sintetiseer. Dit kan saamgevat word met 'n begrip analoog aan Foucault se epistēm, naamlik die *representeem*. Dit is 'n benaming vir die kodes, seleksiemeganismes, kombinasiereëls, die tipiese repertoire van werklikheidsdinge wat in 'n bepaalde tydperk uit die volle werklikheid gekies word; tipiese handelinge, plekke, situasies wat in bepaalde tydperke beskryf word; die styl of teksteksture eie aan 'n bepaalde tydperk. Dit bevat kortom alles wat een tydperk in die literatuurgeskiedenis van 'n ander onderskei; die signatuur of "taal" van 'n bepaalde tydperk. Dit kan, soos uit Heilna du Plooy se artikel duidelik is, ook genoem word die (literêre) *sosiokode* van 'n tydperk.

As sodanig is die begrip *representeem* uiters hipoteties, juis omdat die idee van literêre periodes een van die probleme is waarmee ons in die projek geworstel het. Die eenvoudigste (en miskien ook die mees simplistiese) manier om dit te beskryf, is om die *representeem* te beskou as 'n versamelterm vir die kodes wat lesers uit tekste van min of meer dieselfde tyd abstraher deur 'n proses wat Eco (1977: 135-6) *onderkodering* noem. Verskillende en heterogene eienskappe en betekenisse van uiteenlopende tekste word met ander woorde vervat in 'n (gepostuleerde) *sambreëlterm*. Dit postuleer vir die tydperk 'n (fiktiewe) identiteit en eenheid. Daarmee bedoel ek dat dit nie beskou moet word as 'n werklik bestaande entiteit nie, maar as 'n konstruk wat mens in staat stel om 'n greep op die diversiteit van die literatuur van 'n bepaalde tydperk te kry. Dit is daarom noodwendig ook in 'n mate reduksionisties: individuele tekste verloor hulle distinktiwiteit en hulle ooreenkoms met ander werke word sterker op die voorgrond geskuif of slegs die markantste trekke van verskillende tekste word in aanmerking geneem. Soos enige potjieskosmaker weet, verloor geen bestanddeel daarin egter sy eie smaak of tekstuur volkome nie.

Die soeke na so 'n sintetiese geur soos 'n representeem is 'n strukturalistiese projek, omdat die ondersoeker probeer om 'n *simulacrum* of meta-objek te konstrueer wat insig toevoeg aan die versameling tekste, denkwyses en opvattinge wat daarin opgeneem word (vgl. Barthes, 1964). Dit gee dus insig in die studieobjek, en veral insig in die struktuur daarvan – struktuur gedefinieer in die “tradisionele” sin as die som van die relasies tussen die verskillende elemente of dele van die studieobjek.

Aan die ander kant stel hierdie idee van 'n tydperk met 'n eie geur lesers ook in staat om nuwe verwantskappe tussen uiteenlopende tekste te ontdek, om met ander woorde nuwe betekenis bloot te lê, wat die resultaat is van hierdie besondere “form of attention”, hierdie manier van kyk na tekste (vgl. Kermodé, 1985). Nuwe smake en geure kom in die gaar potjie tot uitdrukking.

Volgens Scholz is die tipiese aroma wat Foucault aan die debat gee, nie soseer die idee van 'n episteme nie, maar dat hy die episteme verbind met die idee van radikale *diskontinuiteit* as ordeningsbeginsel vir die geskiedskrywing. Die vraag is: is dit moontlik om periodebegrippe soos Renaissance of Barok wat daarop gemik is om die diskontinuiteit van 'n tydperk te verberg, uit te skakel? Volgens Scholz situeer Foucault sy analyses op 'n vlak benede die vlak van subjekte en intensies, op die sogenaamde argeologiese vlak, omdat die idee van 'n subjek vir hom die emanasie is van 'n bepaalde episteme. Dit geld sowel die sprekende subjek van die teks as die sprekende subjek van die wetenskaplike diskoers. Sy stelsel is nie 'n teorie van die transendentale subjek nie, maar van diskursiewe praktyke (wat eventueel dalk ook transendentiaal mag wees). Die argeologiese vlak is met ander woorde die vlak wat aan die bewussyn van die wetenskaplike ontsnap. Miskien is dit vergelykbaar met die magiese maar onbekende transformasies wat daar tydens die kookproses plaasvind.

Hierdie program, om 'n geskiedenis te skryf met diskontinuiteit as ordeningsbeginsel, vorm ook vir die literatuurgeskiedenis 'n uitdaging. Die vraag is veral hoe diskontinuiteit opvattinge oor periodisering beïnvloed. Dit is, volgens Scholz, 'n vraag op 'n objek-teoretiese vlak – dit het veral te doen met die model wat 'n mens gebruik om 'n periode mee te beskryf, sy grense te trek en te bepaal wat relevant binne so 'n beskrywing is.

Foucault onderskei in dié verband tussen *global history* en *general history*, sê Scholz. *Global history* is die poging om een sentrale beginsel bloot te lê, die algemene wet wat vir al die verskynsels van 'n tydperk geld. Dit het dus 'n sterk samehangende soort geskiedenis, sonder breuke, as resultaat. *General history* werk nie meer met die aanname dat dieselfde vorm van historisiteit vir die ekonomie, die kultuur, die politiek, die denke of sosiale instellings geld nie. Die verskillende historiese reekse is dus diskontinu van mekaar. Die groot sintese

van die globale geskiedenis word, soos Scholz dit stel, nou verstrooi deur veral te let op die breuke, grense, verskille, verskuiwings. Hier streef Foucault nie na 'n absolute chaos nie, maar na 'n *series of series* waarbinne die vraag na die werklike relasies tussen die verskillende reekse doelbewus gevra kan word (en kohesie nie summier aanvaar word nie). Die beginsels van periodisering is dus vir Foucault nie die opvatting dat die geheel meer as die som van sy dele is nie, maar die *a priori's* dat die gegewens eers in 'n veld verstrooi moet word en dat 'n reeks-van-reekse dan gekonstrueer moet word. Die idee van 'n organiese geheel word vervang deur die term *tablo* – wat die resultaat is van die konstruksie van 'n reeks-van-reekse, as 't ware soos die verskillende lae wat in potjie gepak word, saam deel van die een potjie uitmaak.

Laastens meen Scholz dat Foucault se opvatting veral drie implikasies het vir die studie van die Barok. Hy meen dat Foucault se klem op diskontinuiteit en episteme 'n mens in staat stel om verskynsels te kollasioneer wat tot dusver in isolasie beskou is, om bestaande verskynsels te herinterpreteer en om ons kennis van die kulturele matrys van die Barok uit te brei. Hierdie dinge kan waarskynlik na die studie van ander tydperke veralgemeen word.

Die idee van 'n representeem wyk in twee belangrike opsigte af van Foucault se episteme, soos uit Scholz se artikel blyk: dit veronderstel nog kontinuiteit en dit word nie eksplisiet op 'n argeologiese vlak geplaas nie. Deur egter op individuele periodes of op groepe werke te konsentreer en nie te probeer om 'n meesterverhaal van representasie te skryf nie, deur met ander woorde 'n aantal diskontinue opstelle te skryf, was die ondersoekers onbewus trou aan Foucault se beginsel van diskontinuiteit, hoewel die idee van die periode as eenheid nog ons denke oorheers het. Ons het ook glad nie die breuke of gate sistematies gebruik om minstens 'n aanloop tot 'n ander literatuurgeskiedenis te skryf nie. Die gapings is maar die resultaat van die diverse belangstellings van die projektelede.

In sy artikel kritiseer Gouws die sentrale smaak wat Foucault aan die Renaissance toeskryf: dat 'n episteme van ooreenkomste dit oorheers. Hy meen 'n mens kan so 'n kritiek veral op twee maniere aanpak: jy kan die onhoudbaarheid van Foucault se epistemologiese aannames probeer bewys of jy kan empiries te werk gaan, deur getuienis te vind dat die idees van analogie of korrespondensie as epistemologiese beginsels bevraagteken word en deur verder aan te toon dat kennis van die Renaissance ook op ander maniere georganiseer was. Hy kies die empiriese weg en wys op drie gedeeltes uit Shakespeare se dramas waarin die idee van kennis deur analogie bespotlik gemaak word. Hierdeur, meen Gouws, word vernietigende kritiek uitgespreek teen analogie (of ooreenkoms) as wyse vir die organisasie van kennis.

Gouws meen verder dat daar minstens twee ander maniere is waarop kennis in die Renaissance georganiseer was. Eerstens speel klassieke tekste 'n belangrike rol in kennisorganisasie in dié tyd – nie net tekste wat die idee van korrespondensie en analogie versterk, soos die neo-Platoniste s'n nie, maar andersyds ook empiriese en skeptiese tekste soos Aristoteles en Galenus s'n wat hierdie idee bevraagteken. Die situasie is dus kompleks as wat Foucault dit voorstel. Verder meen hy dat Foucault die groot belang van logika en retorika in die Renaissance nie raakproe nie. Foucault se postulaat hou byvoorbeeld in dat die onderskeid tussen letterlike en figuurlike taalgebruik in die Renaissance nie erken sou gewees het nie – iets wat kennelik nie waar is nie. Foucault ignoreer ook die debat tussen Katolieke en Protestante oor die aard van die elemente van die Nagmaal, wat volgens Gouws 'n debat tussen die Katolieke siening van transsubstansiasie (wat 'n analogie tussen makro- en mikrokosmos aanvaar) en ander opvattings was. Foucault neem dus nie al die feite in ag nie; hy kook met te min bestanddele.

Gouws meen ten slotte dat drie aannames van Foucault bevraagteken kan word – eerstens dat die Renaissance monolities en uniform was, en tweedens dat daar 'n enkele afdoende strukturele beginsel vir die organisasie van kennis in 'n bepaalde tydperk gevind kan word. Derdens meen hy dat Foucault 'n na-cartesiaanse epistemologiese problematiek, waaronder die problematiek van subjek en objek, in sy siening van die Renaissance indra, en dus net moderne smake in die Renaissance kan raakproe.

Hierdie kritiek van Gouws raak natuurlik ook die poging van die projek om daardie kenmerkende periodesmake uit te distilleer. As breë veralgemenings staan al hierdie pogings sekerlik bloot aan kritiek dat hulle nie al die feite in aanmerking neem nie of te maklik veralgemeen. Nogtans meen ons dat hulle 'n (by)smakie gee aan die diskussie oor realisme, literêre periodes soos Realisme en Modernisme en die probleme van representasie in die algemeen.

Drie van die artikels het realisme as hoofbestanddeel: myne, Elaine Botha s'n en Dawie Steenberg s'n. My artikel oor *Fiela se kind* is 'n poging om representasie te omskryf, uitgaande van 'n kritiek op die idee dat *Fiela se kind* 'n realistiese weergawe van die lewe van mense uit 'n sekere historiese tydperk is. Ek kritiseer die idee dat die betekenis van die roman (en die film) op die korrespondensie daarvan met die werklikheid (op 'n soort realisme) berus deur daarop te wys dat roman- en filmkodes asook die gehoor se verwagtings en sekere sosiaal-simboliese waardes (die betekenis van 'n plaashuis, byvoorbeeld) belangriker vir die betekenis van die film en die roman is as hulle korrespondensie met die werklikheid. Daarmee ontken ek nie dat so 'n korrespondensie bestaan nie, maar probeer ek aantoon dat die korrespondensie

deur heelwat ander geure verdun word. Representasie is daarvolgens nie eenvoudig 'n kwessie van referensie nie, maar van 'n komplekse versnyding van kodes, kategorieë en lesersverwagtings. Dit is baiekeer nie die ooreenkoms met die werklikheid wat die deurslag gee nie, maar konvensies – van dink, skryf, vergestaltung en van betekenis.

Representasie is dus 'n vervlugtigende, problematiese konsep. Dit kan nie maar eenvoudigweg gelykgestel word aan “in die plek staan van”, “weer teenwoordig stel”, “verteenwoordig” of “voorstel” (die verskillende kategorieë waarmee Derrida, 1982, sy kritiek op representasie begin) nie. Dit is nie maar 'n sekondêre weergawe van iets primêrs nie, maar word ten diepste beïnvloed deur kategorieë, stelsels wat altyd alreeds daar is, met ander woorde deur taal. Die korrespondensie met die werklikheid is in 'n sekere sin 'n illusie, geproduseer deur die baie skelm manipulasies en retoriese kunsgrepe van die outeur en die grille van die simboliese orde.

Elaine Botha neem ook die pikante vraag na die realisme van representasies op. Wetenskapsteoreties gesproke, kom dit neer op die vraag in hoeverre wetenskaplike teorieë en literêre tekste wel as beskrywings van die werklikheid beskou kan word en wat die verskil tussen wetenskaplike en literêre representasies is. Dit het, volgens Botha, saam met drie ander vrae in die huidige wetenskapsteoretiese debat na vore gekom. Die eerste hiervan is die vraagstuk van rasionaliteit: die implikasie van nuwer opvatting is dat die idee van objektiwiteit, sowel van wetenskaplike teorieë as van interpretasies, onhoudbaar word. Die tweede is watter rol taal in die wetenskap speel. En die derde is of wetenskaplike teorieë en literêre representasie nog in die rigting van waarheid kan konvergeer of nog waarheidsaansprake het.

Hierdie opvatting ondersteun Botha met twee argumente. Eerstens argumenteer sy dat die “werklikheid” 'n sosiaal-gekondisioneerde konstruksie is en dat daar daarom 'n veelheid van moontlike interpretasies van “die werklikheid” bestaan, en dus ook 'n pluraliteit van “werklikhede”. So 'n veelheid van representasies kan natuurlik nie meer (almal) letterlik waar wees nie. Haar tweede argument is dat hierdie probleem in taal ingebed is (die kenmerkende boeket van die resente debat) en dat 'n moontlike uitweg uit hierdie probleem is om die kognitiewe waarde van metaforiese taal te erken. Die verskil tussen “letterlik” en “metafories” raak dan veel meer relatief en die sogenaamde verbeelding van die wetenskaplike of skrywer begin 'n veel groter rol in die konstruksie van representasies en interpretasies speel. Daardeer word die vraag na die waarheidsaansprake natuurlik veel brandender, omdat daar dan verskillende representasies, en selfs verskillende “wêrelde”, bestaan wat almal ewe “geldig” is. Die waarheidsaanspraak van representasies kan dan net “gered” word deur die nosie van “realisme” drasties te wysig.

Botha meen dat die verskillende debatte oor wetenskaplike realisme dieselfde “konfigurasië” van domeine, naamlik die werklikheid, kennis en betekenis en hulle interrelasië, telkens in ’n ander potjie kook. Die debat gaan dus ten diepste oor die voorwaardes wat geld vir enige teorie oor al drie domeine en oor watter domein as die grondbestanddeel beskou moet word. Onderliggend aan die hele debat, meen sy, lê die korrespondensieteorie van waarheid, waarvolgens die teorie (of representasië) sy geldigheid ontleen aan die mate waarin dit met die werklikheid korrespondeer of die werklikheid weerspieël. Dit is egter ’n baie problematiese kriterium, omdat dit reeds veronderstel dat mens weet hoe “die werklikheid” daar uitsien.

Die saak word gekompliseer deur die opvatting van Thomas Kuhn, wat argumenteer dat elke representasië ingebed is in ’n styl of sisteem (die sogenaamde paradigma) en dat selfs die keuse tussen “goeie” en “slegte” (“waar” of “vals”) representasies op grond van so ’n paradigma gemaak word. Waarneming is met ander woorde teoriegelade. Dit impliseer weer ’n teoriepluralisme en ’n inkommensurabiliteit tussen teorieë (en representasies). Botha trek ook ’n interessante parallel tussen teoriepluralisme in die wetenskap en die pluralisme en inkommensurabiliteit van interpretasies in die literatuurteorie.

In hierdie situasie, meen Botha, moet realisme herbedink word, waarvoor sy die voorstelle van Ian Hacking aanvaarbaar ag. Hacking meen dat die probleem van representasië vassit aan ’n “toeskouer-teorie” van kennis wat berus op ’n valse opposisie tussen denke en handeling. Sy standpunt is daarom dat geslaagde intervensie as ’n kriterium van die korrektheid van ’n representasië kan geld. Hy erken weliswaar dat representasies ingebed is in een of ander styl – ’n gedagte wat naby lê aan Foucault se episteem of ons representeem. In soverre Hacking se hele teorie uitgaan van ooreenkoms (*likeness*) en hierdie basis skynbaar nie as problematies beskou nie, bring dit ons nie veel verder met die omlyning van wat presies bedoel word met ’n relasië van representasië nie.

Dawie Steenberg snuif in sy artikel in tekste van die ouer Afrikaanse prosaïst Jan Lion Cachet die aroma van die negentiende-eeuse Realisme raak, veral soos dit berei word in tekste van Hildebrand en Conscience. Hierdie tipiese aroma sluit, volgens hom, nie net gemeenskaplike temas soos die mag van geld in nie, maar ook ’n tipiese objektiewe manier om dinge te representeer. Hy vat dit saam in ’n viertal kenmerkende probleme, wat hy dan baie oortuigend in die verskillende tekste raaklees. Deur die verspreiding van die realistiese aroma so na te gaan, dra hy by tot die kontinuïteit van die literatuurgeskiedenis oor die gaping tussen twee kontinente heen en bewys hy ook dat so ’n tipiese aroma wel deeglik gesintetiseer kan word en wel deeglik waarde het, omdat dit nuwe insigte in die

tekste van Lion Cachet en die verbande tussen die vroeë Afrikaanse literatuur en Nederlandse en Vlaamse resepte oplewer.

Soos uit Heilna du Plooy se artikel duidelik is, kan 'n periode, op die spoor van D.W. Fokkema, beskou word as 'n *sosiokode*. 'n Sosiokode kan omskryf word as 'n stelsel van betekenisvolle elemente en reëls vir hulle kombinasie wat deur 'n groep skrywers (van 'n tydperk, generasie of stroming) ontwerp is en deur hulle lesers erken word. Die skrywers en hulle lesers deel met ander woorde hierdie kode en vorm dus 'n semiotiese gemeenskap.

Du Plooy waarsku dat mens hierdie resep versigtig en nie te rigied nie moet gebruik. Die implikasie daarvan is egter duidelik: die lees en verstaan van tekste word deur hierdie sosiokode gemedieer. *Sosiokode* is dus sterk analoog aan Kuhn se *paradigma* en bepaal ook hoe dinge gesien word, wat dus 'n breuk met 'n vroeëre tydperk kan impliseer. Du Plooy haal verskeie skrywers aan wat 'n radikale epistemologiese breuk, 'n nuwe manier van kyk, tussen die Moderniste en hulle voorgangers poneer. Dit het, volgens Du Plooy, veral te doen met 'n verskuiwing van representasie van die werklikheid na representasie van persepsies van die werklikheid of van bewussynprosesse. Modernistiese tekste is daarom vir Du Plooy eerder *presentasies* van individuele en kultureel bepaalde persepsies as representasies van die werklikheid – presentasies wat bowendien bepaal word deur 'n ideologie wat ingeskryf is in die metafore en die woordeskat wat gebruik word. Die taal self, as medium van (re)presentasie word besonder problematies.

Sosiokode is ook analoog aan *representeem*, behalwe dat die sosiokode ook 'n sterk sosiale en pragmatiese dimensie het – iets wat nie eksplisiet deel is van die idee van 'n representeem nie. Afgesien van die *caveat* teen ooreenvoudiging is daar by Du Plooy, soos by al die projekte, min twyfel dat 'n sintese (min of meer sluitend) van die Modernisme wel moontlik is. Sy kook ook aan 'n eenheidsdis, oorbrug die gapings en beklemtoon die kontinuïteit – spesifiek tussen die Modernisme en die Sestigters in Afrikaans. Dit dui weer, nes Steenberg se artikel, aan hoe produktief die trek van “nuwe” kontinuïteite kan wees. Dit is egter baie interessant hoedat die geure van haar kookkuns geure uit Botha s'n aanvul en versterk. Die epistemologiese voorlopigheid en die sentrale rol van taal wat Botha in die twintigste-eeuse debatte uitwys, val sterker op met die modernistiese smaaksakerings daarvan op jou tong.

Attie de Lange se artikel opper die baie belangrike vraag na die verhouding tussen ideologie en interpretasie. Hy poog om die onderliggende ideologie van Orwell se artikel “Boys' Weeklies” te uit te sif en terselfdertyd aan te toon dat

die ideologie van sulke eksplisiet betrokke skryfwerk makliker uitgesif kan word as dié van minder betrokke werk. Eers beskryf hy Orwell se ideologie, wat, na hy meen, beslissend beïnvloed is deur Orwell se ervaring van Eton, die Britse klassiestelsel en die Spaanse Burgeroorlog. Daarna gee hy aandag aan Orwell se estetiese ideologie, wat in hoofsaak daarop neerkom dat alle skryfwerk propagandisties is en dat tekste wat nie propagandisties lyk nie, eintlik maar 'n baie subtiele flankaanval loods. Hy beskou literatuur as “largely a perversion of words”.

Derdens toon De Lange aan dat Orwell dieselfde resepte gebruik as die skrywers van seunstydskrifte wat hy verwyf dat hulle die *status quo* handhaaf deur hulle lesers tevrede te hou sodat hulle nooit daarvan sal droom om die *status quo* te bevraagteken nie. Orwell se opstel is byvoorbeeld vol gelade byvoeglike naamwoorde en distorsie van die feite, vol plekke waar hy met die illusies van die hoër klas die spot dryf. Orwell se ideologie kan dus maklik raakgeproe word, maar ek glo nie die skrywer kon aantoon dat dit inderdaad makliker in sy geval gebeur as by minder betrokke skrywers nie.

De Lange se artikel roep ook ander belangrike vrae op, naamlik watter bydrae 'n ideologiese analise tot ons kennis maak, of alle representasies noodwendig ideologiese bysmake het en veral ook wat die verband tussen metode en representasie is. Sy artikel demonstreer wat Elaine Botha genoem het die onbeslisbaarheid van representasies. Daar is nie veel te kies tussen Orwell se standpunt en sy teenstanders s'n nie, want hy gebruik presies dieselfde tegnieke as wat hy by hulle as ideologies veroordeel om sy eie standpunt te regverdig. Die kok wat die potjie pak, het nie beheer oor waarheen die reuk waai of oor wat elkeen daarin gaan proe nie.

Nie een van die kokke het streng strukturalisties gekook nie, maar in die breë het elke artikel beslis 'n strukturalistiese bysmake. Hulle voeg iets by die karakteristiek van sekere tydperke, of sintetiseer die verskillende karakteristieke daarvan, maar hulle vernaamste bydrae is myns insiens dat hulle aandui hoe oneindig kompleks die hele vraagstuk van representasie is en hoe onmoontlik dit is om as 't ware buite die wêreld van jou eie leeservaring en jou eie omgang met literatuur, jou eie historiese omstandighede te tree. Elkeen stook maar sy eie potjie, by wyse van spreke, of krap dit. En in die rook kan 'n mens ook nie altyd so goed ruik of proe nie. Dat die potjie plek-plek aangebrand het, is deels die potjie se skuld, deels die rook s'n – die rook van ander, meer eksterne beperkinge soos gebrek aan tyd, geld, boeke, akademiese atmosfeer en persoonlike skerpsmakigheid. Of hierdie kooksels “beyond structuralism” beweeg, laat ek oop.

Daarmee bied ek aan u, liewe leser, hierdie potjie. Miskien irriteer my kookkunsbeelde u. Heeltemal tereg, want dit dui nog 'n aspek van representasie aan, naamlik die gewoonte om in visuele metafore soos *visie*, *fokus*, *siening*, *perspektief*, *weerspieëling*, *beskouing* of *lig* te dink (en dit as wetenskaplik te beskou) en die vaer, subjektiewer (onwetenskapliker?) reuk- en smaakbeelde te vermy – wat ek in hierdie inleiding doelbewus nie gedoen het nie.

Bibliografie

- Barthes, R. 1963. *L'activité structuraliste. Essais critiques*. Paris: Seuil.
- Derrida, J. 1982. Sending: On representation. *Social Research*, 49: 294-326.
- Eco, U. 1977. *A theory of semiotics*. London: Macmillan.
- Foucault, M. 1973. *The order of things*. New York: Vintage Books.
- Kermode, F. 1985. *Forms of attention*. Chicago: University of Chicago Press.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO